STELLENBOSCH
STELLENBOSCH • PNIEL • FRANSCHHOEK
MUNISIPALITEIT • UMASIPALA • MUNICIPALITY

NUUSBRIEF IPHEPHANDABA NEWSLETTER

UITGAWE 45 - 2019 • EDITION 45 - 2019

Van die Burgemeester
From the Mayor

Adv. Gesie van Deventer
UitvoerendeBurgemeester/
Executive Mayor
021 808 8002
mayor@stellenbosch.gov.za

Liewe Inwoners

Welkom terug aan al ons inwoners wat weg was met vakansie! Dis 'n nuwe jaar en daar is vir ons nuwe geleenthede om ons dorpe en gemeenskappe van hulp te wees en omstandighede te verbeter. Ek en my span is gereed om hierdie taak aan te pak, maar u hulp en insette sal waardeer word. Die laaste 2 jaar was die grondslag gelê vir uitstekende programme deur die basiese dienste in plek te kry en ons sien nou uit daarna om hierop te bou tot ons een van die beste Munisipaliteite in Suid-Afrika is. Dit is my droom en visie vir Stellenbosch dat dit 'n plek van geleenthede vir elke inwoner moet wees.

Terwyl ons inwoners 'n welverdiende blaaskans geneem het, het baie van ons aanhou werk om seker te maak dienslewering en die dag tot dag werk van die Munisipaliteit gaan voort. Baie dankie aan al die amptenare wat deur die Feesseisoen aanhou werk het om seker te maak ons dorpe bly skoon en veilig. 'n Spesiale dankie veral aan ons brandbestryders wat plaaslike brande hanteer het en ook waardevolle bystand gegee het aan ons buurmunisipaliteite.

Graag sê ons welkom aan alle nuwe eerstejaarstudente, alle terugkerende studente en skoliere oraloor ons dorpe! Vir ons universiteitstudente wil ons sê julle word nou deel van 'n baie spesiale gemeenskap en sal vir die

Dear Residents,

Welcome back to all our residents who were on holiday! It is a new year and there are new opportunities for us to be helpful and improve the circumstances in our communities and towns. My team and I are ready to tackle this task, but your help and inputs will be appreciated. The past 2 years we have installed the foundation for excellent programs by putting the basic services in place and now we are looking forward to build on this until we are one of the best Municipalities in South Africa. It is my dream and vision that Stellenbosch be a place of opportunities for every citizen.

While our residents took a well-deserved break, many of us continued to work, ensuring that service delivery and the day-to-day work of the Municipality continues. Thank you to all the officials who continued to work throughout the Festive Season to make sure our towns are clean and safe. In particular, I'd like to thank our fire fighters who fought local fires and who also gave valuable assistance to our neighbouring municipalities.

We gladly welcome the new first year students, the returning students and the learners from all across our towns! To our university students we would like to say that you are now becoming part of a very special community and you will be residents in our towns for the foreseeable future. As new residents I

SPAAR WATER
SAVE WATER

Busy First Semester/
Besige Eerste Semester
Bl 3/ Pg 3

STELLENBOSCH WCO 24
021-886 8976
SAFETY INITIATIVE
SSI

voorsienbare toekoms inwoners wees van ons dorpe! As nuwe inwoners vra ek dat julle asseblief jul mede-inwoners sal respekteer en saam met ons werk om die breër Stellenbosch een van die beste Munisipaliteite in die land te maak. Gebruik elke geleentheid wat na julle kant toe kom, en maak die meeste van hierdie geleenthede in die mooiste streek in Suid-Afrika. Mag dit nog ‘n suksesvolle jaar van akademie en pret wees.
Baie geluk aan al die matrikulante van 2018! Ons leerders het uitstekend gevaar en regoor die breër Stellenbosch is ons geweldig trots op dit wat ons leerders, skole en onderwysers vermag het. Geluk ook aan al die ouers en onderwysers. Ek weet dat die kinders se prestasies net moontlik is omdat u die nodige leiding en ondersteuning gegee het. Sterkte aan die matrieks van 2019. Dit is ‘n belangrike laaste stap in julle skoolloopbaan en ek wil julle aanmoedig om van dag een af hard te werk. Hierdie skooljaar gaan verbyvlieg en bepalend wees vir jul toekoms. Aan diegene wat nie so gelukkig was gedurende 2018 nie, gaan asseblief terug en voltooi matriek. Een jaar in ’n mens se lewe is ’n baie kort tyd om sukses te verseker. Die wêreldberoemde bokser Mohamed Ali se woorde het my nog altyd motiveer: “ It does not matter how hard you fall, it matters how quickly you get up!”

Hierdie jaar is natuurlik ook ‘n verkiesingsjaar vir die land en die provinsiale en nasionale verkiesings sal iewers gedurende Mei plaasvind. Die laaste registrasie naweek het plaasgevind in Januarie. Kiesers het egter steeds ‘n kans om te registreer by die naaste Onafhanklike Verkiessingskommissie (OVK)-kantoor tot en met die kiesersrol gesluit word. Die datum van die verkiesing sal na verwagting in die President se staatsrede afgekondig word. Wanneer die President die datum van die verkiesing aankondig, sal die OVK ook bekend maak wanneer die kiesersrol gaan sluit. Wanneer die kiesersrol sluit, sal nuwe registrasies nie toegelaat word tot na die verkiesing nie. Maak dus asseblief seker dat u geregistreer is om te stem. Om u registrasiestatus na te gaan kan u ‘n SMS stuur met u ID-nommer na 32810. U kan ook die OVK se webblad besoek by www.elections.org.za .

Behalwe vir die verkiesing wat voorlê, is hierdie semester propvol feeste, aktiwiteite en bedrywighede wat ons hele gemeenskap betrek. In Maart kry ons almal ‘n lekker dosis kultuur met die jaarlikse Woordfees. Ons kan ook uitsien na die jaarlikse Oesfeesparade en verskeie wonderlike aktiwiteite op die wynplase in die omgewing. Gaan loer gerus in by ons onderskeie

want to ask that you please respect your fellow residents and work with us to make the broader Stellenbosch one of the best Municipalities in the country. Use every opportunity that presents itself and make the most of it in this most beautiful region in South Africa. May it be a successful year of study and fun.

Congratulations to all the matrics of 2018! Our learners did excellent and across the broader Stellenbosch we are incredibly proud of what our leaners, schools and teachers have achieved. I want to congratulate the parents and teachers. I know the achievement of our children is only possible because you have provided the necessary support and guidance. Good luck to the Class of 2019. It is an important final step in your school careers and I want to encourage you to put in the hard work from the very first day. This year will be gone in a blink and it does play a determining role in your future. To those who were not so lucky during 2018, please go back and complete matric. Sacrificing one year in one’s life is a very short time to ensure future success. I draw inspiration from Mohammed Ali’s famous words: “ It does not matter how hard you fall, it matters how quickly you get up!”

This year is of course an election year for the country and the national and provincial elections are expected to take during May. The last registration weekend took place in January. Voters however still have an opportunity to register at the nearest Independent Electoral Commission office until the voters roll is closed. It is expected that the date of the election will be announced during the President’s State of the Nation Address. Once the President has announced the dates, the IEC will announce when the voters roll will close. When the voters roll closes, new registrations will not be allowed until after the election. Please make sure that you are registered to vote. You can check your registration status by sending and SMS with your ID to 32810. You can also visit the IEC’s website at www.election.org.za for more information.

Besides the election, this semester is absolutely jam-packed with festivals, activities and events which involve our entire community. In March, we all receive a decent dose of culture with the annual Woordfees. We can also look forward to the annual Harvest Festival Parade and a variety of wonderful events that will take place on wine farms around our towns. Please make contact with our various tourism offices to get

toerismekantore om te sien watter aktiwiteite in u area plaasvind. Daar is so baie lekker geleenthede gedurende die somermaande, en deur ons eie plaaslike besighede te ondersteun help u ook om nuwe werksgeleenthede vir inwoners te skep.

Die eerste semester is ook baie besig op plaaslike regeringsvlak. Aan die einde van Januarie dien die aanpassingsbegroting voor die Raad. Dit is ‘n jaarlikse proses wat volgens wet uitgevoer moet om voorsiening te maak in die begroting vir veral addisionele befondsing wat ons ontvang vanaf die nasionale en/of provinsiale regering vir projekte. Aanpassings kan ook gemaak word in geprojekteerde inkomstes en uitgawes wat moontlik verander het.

In Maart sal die volle en nuwe konsepbegroting vir die 2019/2020 finansiële jaar voor die Raad dien. Die konsep sal dan uitgaan vir openbare deelname en die Geïntegreerde Ontwikkelingsplanproses. Dit is waar u die geleentheid kry om as inwoner insette te lewer en sê op watter projekte die begroting moet fokus. U deelname is uiters belangrik omdat dit uiteindelik ‘n begroting is wat aan u behoeftes moet voorsien. Na die openbare deelname proses sal ‘n finale begroting voor die Raad dien wat dan weer op 1 Julie 2019 in werking sal tree.

Daar is ook ‘n paar belangrike projekte wat deur die loop van die eerste semester geloods gaan word. Ek is baie opgewonde oor hierdie projekte, want dit sal verseker dat dienslewering verbeter in die gemeenskap. Ons gaan onder andere die satelliet brandweerstasie in Klapmuts open asook die nuwe Operasionele Kamer vir Veiligheid en Sekuriteit en die Thusong gemeenskapsaal in Klapmuts. Soos die reëlings gefinaliseer word, sal die datums bekend gemaak word. Kyk gerus op ons webblad asook op die Munisipaliteit se Facebook en Twitter blaaie vir besonderhede.

Ons is vasbeslote om alle agterstallige titelaktes te finaliseer en gaan voort hiermee so gou ons kan. Die titelaktes aan inwoners lê my na aan die hart omdat dit mense ekonomies bemagtig en ook veiligheid, stabiliteit en geleenthede vir inwoners skep wat jare lank nie die voordele kon geniet of gebruik wat met eienaarskap gepaard gaan nie. Wat ‘n voorreg om hierdie agterstande te kan verbeter!

Soos belowe het ons krities gekyk na wetstoepassing en die organogram verbeter om ‘n senior bestuurder aan te

details on the various events during the wonderful summer evenings. By supporting our local businesses, you help to create job opportunities for residents.
The first semester is also very busy at local government level. At the end of January, the adjustment budget serves before council. It is an annual process that must be performed to make provisions in the budget, especially for additional funding received from national and/or provincial government for projects. Adjustments can also be made in the projected income and losses.

In March, the new and complete draft budget for the 2019/2020 financial year will serve before council. The draft will then go out for public participation and the Integrated Development Plan process. This is where you get the opportunity to provide feedback and to tell us which programmes to focus on. Your participation is extremely important. In the end, it is a budget that must look after your needs. Following the completion of the public participation process, a final budget will serve before council and will be implemented on 1 July 2019.

There are several important projects that will be officially launched during the course of the first semester. I am very excited about these projects because it will ensure better service delivery to the community. Amongst others, we will be opening the satellite fire station in Klapmuts, the Operational Room for Safety and Security and the Thusong Community Hall in Klapmuts. As the details for the events are finalised, the dates will be announced. Please have a look on our webpage and keep an eye on our Facebook and Twitter pages for more details.

We are determined to finalise all the outstanding title deeds and we are continuing with this as quickly as possible. Giving title deeds to residents is something that is close to my heart because it helps to empower people. It also provides safety, stability and opportunity to residents who for years could not enjoy the benefits and advantages of owning a property. What a privilege it is to wipe out these disadvantages!

As promised, we took a critical look at law enforcement and the organogram was improved to include the appointment of a senior manager that is highly knowledgeable and experienced. It is my great pleasure to welcome Mr Charl Kitching as the new head of Safety and Security. Mr Kitching will help us

stel wat uiters kundig en ervare is. Dit is vir my ‘n groot plesier om Mnr. Charl Kitching by ons te verwelkom as die nuwe hoof van Veiligheid en Sekuriteit. Mnr Kitching gaan ons help fokus op wat ons as plaaslike regering kan doen om positief by te dra tot die verbetering van veiligheid en sekuriteit in ons dorpe. Hy was vir jare by die Stad Kaapstad gewees en het ‘n groot rol gespeel in veiligheid en sekuriteit van die Stad. Sy kennis en ervaring is ‘n absolute aanwins vir ons!

Sedert Desember is ons op vlak 2 waterbeperkings. Die samewerking van ons inwoners, die Munisipaliteit se goeie beplanning en die reën wat ons gedurende die winter ontvang het, het grootskaalse verligting gebring. Die droogte is egter nog nie gebreek nie, want ons damme is steeds onder druk. Ek wil u dus aanmoedig om steeds water te bespaar en verantwoordelik te gebruik. Ons is nie verseker van goeie winterreën nie, en tot ons damme meer as 80% vol is, moet ons versigtig werk. Ek is saam met u bly dat daar weer ‘n bietjie water na ons tuine kan gaan, want ek is passievol oor ’n mooi tuin, maar ons moet steeds waterwys dink en eerder fokus op meer geharde, inheemse plante wat nie so baie water nodig het nie. Hou ook asseblief aan met die besparingsmaatreëls wat die afgelope jaar ‘n lewenswyse geword het vir baie van ons.

My wens vir u elkeen vir 2019 is ’n mooi, gelukkige, gesonde, produktiewe en betekenisvolle jaar. Tot volgende keer.

Beste Wense
Burgemeester Gesie

focus on how we, as a local government, can positively contribute to improving safety and security in our towns. He was part of the City of Cape Town team for years and played an important role in safety and security for the city. He brings with him years of knowledge and experience in the Safety and Security industry and I look forward to working closely with him.

Since December, we have been on level 2 water restrictions. The cooperation of our residents, the Municipality’s good planning and the rain we received during the winter, has given us much needed relief. The drought is however not over because our dams are still under pressure. I want to encourage you to please save water and to use it responsibly. We are not guaranteed of good winter rains and our dams are not yet 80% full. We must take care of our resources. I am just as happy as many of you are that we have a little water available for gardening, but we must be water wise and focus on indigenous plants, water-wise plants. Please continue with the water saving efforts that has become part of your everyday lives over the past few years.

My wish for you in 2019 is a beautiful, happy, healthy, productive and meaningful year. Until next time.

Best Wishes
Mayor Gesie